

Cereus jamacara

Nagblom

Queen of the Night



Digte versameling nagblomplante



Naalde kom in groepe van 5-10 voor

Beskrywing: 'n stekelrige boom wat tot 7 meter hoog groei, met verskeie gevleuelde, dik, sappige vertikale takke wat voortspruit uit 'n kort houtagtige stam.

Let Wel: Lyk na 'n namaaksel van die bekende Naboom (*Euphorbia ingens*), maar kan maklik van alle inheemse Euphorbia onderskei word deur:

- 1) sy groeperings van 5-10 dorings (die ander is doringloos of slegs 'n enkele of 'n paar dorings kom voor), en
- 2) die feit dat daar nie 'n straal melkerige melksap uitvloei as die vleis gesny word nie.

Die naam is toe te skryf aan die aantreklike wit blomme, wat in die lente/vroeë somer voorkom en wat hoofsaaklik snags oopgaan en weer teen dagbreek toemaak. Soos baie kaktusse, produseer dit eetbare, geel-pienk/rooierige vrugte, waarvan die saad deur ape en voëls, versprei word.

Oorsprong: Ingevoer uit Suid-Amerika (Brasilië) as 'n ornamentele plant en dien ook as 'n versperring of heining vir eiendom.

Voorkoms: Dit neem klipprante en savanna-grasvelde oor en groei graag onder en tussen bome. Dit kom veral algemeen in Mpumalanga en in die Suide van Limpopo voor en word gereedlik gesien langs die Vaalwater-pad na Melkriver se kant toe.

Hoekom dit 'n probleem is: Dit verdring inheemse plantegroei en verhoed dat diere kos en skaduwee bereik. Gekapte of gebreekte takke skiet maklik wortel en vorm nuwe plante. Dit is 'n verklaarde Kategorie 1 : Indringerplant, en die verwydering daarvan is verpligtend. Dit is veral belangrik om hierdie indringerplant uit te roei, aangesien ernstige besmetting nog nie algemeen voorkom nie.

Uitroei- / Beheermetodes: Hierdie plant is relatief maklik om uit te roei, hetsy fisies of deur die gebruik van onkruidodders. Soos in die geval van ander kaktusse, kan dit ook baie suksesvol beheer word met behulp van biologiese middels, wat die voordeel inhou dat dit geen onkruidodende risiko's tot gevolg het nie (sien lys hieronder), maar wat baie stadiger soortgelyke eindresultate behaal.

Die plant kan afgekap en sy uitgebreide wortelstelsel uitgegrawe word, maar groot sorg moet tydens die verwydering van die dele van die plant geneem word, om sodoende te verseker dat niks agterbly of langs die pad gelaat word nie. **Alle** dele van die plant moet verbrand word (dit is ook moontlik om dit diep ondergronds te begrawe).

Onkruidodders moet vroeg in die seisoen toegedien word.

Let daarop dat:

- Alle onkruidodders gebruik moet word wanneer dit vars gemeng is (moenie die oplossing oornag laat staan nie).
- **Let Wel:** Volg die instruksies noukeurig, wat op onkruidodder se etiket, aangedui is. Baie onkruidodders is giftig vir ander plante en/of wild en vee as dit onoordeelkundig gebruik word. (Wangebruik van onkruidodders is ook 'n kriminele oortreding in terme van Wet 36 van 1947).

Die hoof onkruidodder, wat geregistreer is vir suksesvolle gebruik teen dié plant, is **MSMA 720 SL** (L7279). Verdun 1 liter van MSMA in 2 liter water en spuit die oplossing in voorafbereide gate in die stam van die plant, met 2.5m intervalle, en deur slegs 2ml per gat toe te dien. Herhaal die behandeling met tot 8 inspuittings, wat dalk nodig mag wees.

Let Wel: Volgens SANBI se aanbeveling, is die gebruik van MSMA, onlangs deur staatsdepartemente gestaak, omdat dit in geïsoleerde gevalle bevind is dat dit baie giftig vir vee en wild is, aangesien dit dadelik die gras rondom die teikenplante besmet het. MSMA kan egter met veiligheid gebruik word indien dit slegs in/op die teikenplante ingespuut word. Dit word sterk aanbeveel dat die teiken-gebied, wat behandel gaan word, omring word deur 'n eenvoudige, tydelike heining om vee en wild uit te hou en dat die behandelde plante, nadat hulle afgesterf het, versamel en verbrand word, en in 'n put met grond toegegooi word, voordat diere weer in die gebied toegelaat word.

Die aktiewe bestanddeel van die onkruidodder, glifosaat, is ook geregistreer vir gebruik teen hierdie en 'n paar ander kaktusse, hoewel die resultate nie so goed is as wat MSMA lewer nie. Talle onkruidodders bevat hierdie geregistreerde chemiese stof, byvoorbeeld **Duiker 180, Roundup Max, Nexus, Cobra, Springbok**.

Biologiesegewys is verskeie suksesse behaal met die gebruik van die stamboorders *Alcidion cereicola*, wat in 1990 vrygestel is.

Bronnelys:

ARC-LNR *Onkruid & Indringerplante* webwerf: www.agis.agric.za/wip

ARC-LNR *SAPIA News*: 25 Julie 2012: LNR - *Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming*, Pretoria. www.arc.agric.za

Bromilow, Clive (2010): *Problem Plants and Alien Weeds of South Africa*. Briza. Pretoria

Henderson, Lesley (2001): *Alien Weeds and Invasive Plants*. Landbounavorsingsraad (LNR), Pretoria.

Van Zyl, Kathy, samesteller (2005): *Control of Unwanted Plants*. Xact Information, Pretoria.

Van Zyl, Kathy, samesteller (2012): *Problem Plant Control Compendium*. AVCASA, Midrand (info@croplife.co.za)

Spesiale dank aan Dr. Gerhard Verdoorn van Griffon Poison Information Centre, Mnr. Ferdie Jordaan van Arysta Lifescience en Me. Lesley Henderson van LNR vir hul waardevolle raad en leiding. Hulle entoesiastiese ondersteuning van hierdie vrywillige projek word opreg waardeer.